

Donderdag 11 November

Skrifgedeelte: Jesaja 21:1-17

Fokusgedeelte: Jesaja 21:11, 12

Hoe lank tot ons verlossing kom? Dit is hier!

Die Here wys vir die profeet Jesaja die val van Babel. Van die toring van Babel af word die stad beskou as 'n beeld van verdrukking en afgodery. In die visioen stel Jesaja wagters op die muur. Daar is 'n vraag aan hulle. Hoe lank is dit tot dagbreek (die val van Babel)? Babel het al geval in die sin dat God hulle val vas bepaal het, maar die werklike nuus van Babel se val het nog nie die wagter bereik nie. Dit is alreeds, maar nog nie.

In die boek Openabring roep die martelare wat vermoor is as gevolg van hulle geloof in Christus, iets soortgelyk: Hoe lank voordat u ons dood wreek op die bewoners van die aarde? (Op. 6:10). Dit is alreeds oorwin, maar nog nie.

Ons wonder dalk: Wanneer sal al hierdie moeilikheid op aarde tot 'n einde kom, hoe lank moet ons dit nog verduur? Die werklikheid is dat ons in die wêreld as gelowiges swaar sal kry, maar Christus het die wêreld oorwin. In die evangelie word 'n nuwe koninkryk verkondig en 'n nuwe Koning, Jesus Christus, heers. In ons stryd maak ons nie asof hierdie wêreld se probleme nie werklik is nie, dit is, maar ons weet dit is nie die einde van die wêreld nie, dit is die oorgang na 'n nuwe een.

Wees vertroos, want die werklike Koning van die wêreld wat nou al heers, sal eersdaags sy sigbare verskyning maak sodat almal dit sal sien. Die Son van geregtigheid is al op, maar die lig het nog nie vir almal deurgebreek nie.

Sing: Psalm 92-1:1, 4

Ds. G Janse van Rensburg (Gerhard) (Durban-Noord)